DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin




Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


**24 September 2023**

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Handelinge 5: 1 - 11** |
| **Tema** | ***Die Heilige Gees as God*** |
| **Sang** | **Psalm 146: 1, 8**<br>**Psalm 32: 3**<br>**Skrifberyming 9-3: 1, 2**<br>**Skrifberyming 8-2: 1, 2, 3**<br>**Skrifberyming 8-1: 1, 2** |


Dieselfde God wat sy Seun as Middelaar en Verlosser aan ons gegee het, gee ook sy Heilige Gees aan sy kinders. So kom God self en woon in die midde van sy kerk en in die harte van sy kinders. Watter uitnemende gawe het God nie in sy Gees aan sy kerk gegee nie! Die Heilige Gees is immers nie maar net 'n heilige, goddelike krag soos die Jehovah-getuies beweer nie. Volgens die Skrif is Hy 'n Persoon, 'n Voorspraak, die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid en daarom self God

Die Bybel leer ons dat die Heilige Gees ’n wil (Hd. 13:2) en ’n bedoeling (Rom. 8:27) het, dat Hy ondersoek (Rom. 8:27), dat hy bid (Rom. 8:27), dat Hy bedroef gemaak kan word (Ef. 4:30), dat Hy gelaster (Matt. 12:31) en beledig (Heb. 10:29) kan word en dat teen Hom gesondig kan word (Matt. 12:31; 1 Joh. 5:16). In Rom 8:26, 27 skryf Paulus van die Heilige Gees die volgende: “Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie. En God self, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.”

Kan so iets van ’n blote krag gesê word? Kan ’n krag bid? Kan ’n krag ’n eie bedoeling hê? Kan ’n krag ’n Voorspraak genoem word? Dit is tog onmoontlik. Dit kan alleen van ’n werklike persoon gesê word. Daarom bely ons op grond van die Skrif dat die Heilige Gees nie maar net ’n krag is nie, maar ’n Persoon, en wel die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid. Dat die Heilige Gees self ook waarlik God is, is nie iets wat kerkmense uitgedink het nie. Die Skrif self leer dit baie duidelik.

As Ananias volgens Handelinge 5 gesondig het, sê Petrus aan hom dat hy vir die Heilige Gees gelieg het en daarom nie vir mense gelieg het nie, maar vir God (Hd. 5:3, 4). Hier verklaar die Skrif self dat die Heilige Gees waarlik God is. Nou kan ons sien hoe wonderlik die gawe is wat God in sy Gees aan ons geskenk het. Dit is vir ons eintlik onbegryplik. Om te dink dat die Heilige Gees, wat self God is, Hom tog laat gee en laat stuur en laat uitstort, ja, dat Hy in ons wil kom woon! As die koms van Christus na die aarde beteken: Immanuel – God by ons, dan beteken die uitstorting van die Heilige Gees: God in ons.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Gerhard Meyer wat steeds in die hospitaal herstel na die ongeluk. Ons glo dat die huidige behandeling vir hom beterskap sal gee, sodat hy by 'n "step down" kan herstel.

* Ons bid vir Brenda Koekemoer wat herstel na die prosedures aan haar gesig en skouer. Beterskap vir jou.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 24 Sept 2023

**Diensbeurt: Wyk 8** **Katkisasie: Geen katkisasie**
**Ouderling: Marthinus vd Walt** **Diaken: Koemi vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Di) 26 Sept | Neem asb | *kennis dat daar* | geen Bybelstudie is nie. |
| (Wo) 27 Sept | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Vi) 22—25 Sept | Gemeente | *kamp by* | Mahuto Lodge |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *Belydend / Doop* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 24 Sept | Megan vd Merwe | 33 | B | 083 948 7189 |
| (Ma) 25 Sept | Madeleen Nel<br>Willem v Wyk | 49<br>40 | B<br>B | 083 739 6152<br>082 308 4825 |
| (Wo) 27 Sept | Willie Eilers<br>Betsie de Witt | 58<br>41 | B<br>B | 083 455 0544<br>084 209 4220 |
| (Vr) 29 Sept | Elaine Grobler | 57 | B | 082 671 7343 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (Di) 26 Sept 2015 | Juan & Megan vd Merwe | 8 | 076 309 9732<br>083 948 7189 |
| (Wo) 27 Sept 1986 | Ernst & Sandra Eloff | 37 | 076 644 1175<br>083 229 8068 |
| (Do) 28 Sept 2019 | Willie & Ina Erasmus | 4 | 078 682 8555<br>083 462 4018 |
| (Vr) 29 Sept 2018 | JP & Lilian Ferns | 5 | 082 813 2277<br>076 238 1304 |

**Daarom, omgord die lendene van julle verstand, en deur nugter op te tree, hoop volkome op die genade wat tydens die openbaring van Jesus Christus vir julle gebring sal word.**

**1 Petrus 1:13**

# KOLLEKTES



**Kollektes September 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**10 Sept Emeritaatsversorging**~~
~~**17 Sept GKSA Sustentasie Fonds**~~
**24 Sept Teologiese Studentekas**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# STAP VIR BYBELS



# DIAKONALE KERSMARK




**Die diakonie beplan om weer ‘n Kersmark te hou op Saterdag 18 November 2023 by die kerk.**

**Ons weet dat die gemeente soos in die verlede OOK die projek sal ondersteun, en daarom vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.**

**Lidmate kan skenkings gee van:**

- **Ou klere,**
- **Bestanddele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekies, beskuit ens,**
- **Pannekoekbestanddele soos meel, eiers en olie, suiker, kaneel ens,**
- **Handgemaakte items vir kersgeskenke,**
- **Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.**

**Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die dag is welkom. Die stalletjie sal jou slegs R200.00 uit die sak jaag, ‘n “bargain” soos min.**

**Vir meer inligting en skenkings, kontak asseblief vir Daleen op 079 490 2678.**

**Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan op jou kalender !!!!!!!!**

# DAMESOGGEND (GK Pietersburg-Noord)




**Die susters van GK Pietersburg-Noord nooi al ons susters uit na hulle Damesoggend op 21 Oktober 2023 .**

**Kaartjies vir die geleentheid kan bespreek word by Marina vd Walt op 072 135 6905; of soos op die uitnodiging aangedui. Die bankbesonderhede om 'n EFT betaling te maak is as volg :**

**Rekening naam : Gereformeerde Kerk PBG-Noord (Susters)**
**Bank : ABSA**
**Takkode : 632005**
**Verw: 21/10 Kaartjie no**

## BASUIN PLASINGS

'n 1 Slaapkamer woonstel met 'n oopplan kombuis en leef area in die baie veilige woonbuurt Sterpark te huur.



Water en krag is by die huur ingesluit.

Die woonstel beskik oor 'n gasstoof (gas is vir jou rekening).

Vir besigtiging kontak :


Martin of Annetjie Venter op 083 399 5592 vir meer inligting .

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderlinge :

*Ouderling:*
Stephan Coetsee; Johan Snyman; Jan Hoogendyk;
Chris Hoogendyk; Flippie Hoogendyk.

**Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.**


AANDAG ASB !!!!!!
So lyk GK PTG gemeente se bydraes
(Getalle afgerond tot naaste duisend)
0
200 000
400 000
600 000
800 000
1 000 000
1 200 000
Maart 2023
124 000
130 000
110 000
Apr-23
106 000
139 000
181 000
Mei 2023
133 000
1
171 000
Junie 2023
115 000
113 000
187 000
Julie 2023
131 000
138 000
208 000
Augustus 2023
140 000
156 000
165 000
Werklike totaal
752 000
810 000
1 022 000
Inkomste
Ander (Sluit in Kollektes-, Huur- en Rente ontvang)
Uitgawes

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Boodskapper van Vreugde.

**Verhef jou stem met krag.**
**(Jes. 40:9)**



## Moeinie bang wees nie

**Hier is julle God, Hy kom met krag**
**Jes. 40:10**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**…en kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die tyd. Mat 28:20b**

**Nader die persoon wat die Here op jou pad bring met die**

**vreugde boodskap van verlossing**



**Ken jy iemand wat van die kerk los geraak het?**

**Laat weet ons by die Evangelisasiekommissie oor die persoon en stuur asseblief sy kontakbesonderhede op WhatsApp na Evangelisasie: 083 457 1711**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor**<br>Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Toe dit onverkoop bly lê het, was dit nie joune nie? En toe dit verkoop is, was die geld nie tot jou beskikking nie? Waarom het jy hierdie daad in jou hart bedink? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.”*

*Handelinge 5 : 4*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS